# Bosbok se besoeker



Aangepas uit 'n Afrika-verhaal
Illustrasies: Helga Hoveka

Bush buck big book_A.indd 1 2017/11/24 07:09



Bosbok het uitgegaan.

Hy het sy deur oop gelos.



Bush buck big book_A.indd 2 2017/11/24 07:09



Bosbok het weer by die huis aangekom. Die deur was toe.

“Moenie die deur oopmaak nie, anders eet ek jou op!” het ’n stem gesê.



Bush buck big book_A.indd 3 2017/11/24 07:09



Bosbok het vir Olifant geroep.
"Moenie die deur oopmaak
nie, anders eet ek jou op!"
het 'n stem gesê.



Bush buck big book_A.indd 4 2017/11/24 07:09



Bosbok en Olifant het vir
Leeu geroep.
“Moenie die deur oopmaak
nie, anders eet ek jou op!”
het ’n stem gesê.
“Wat! Eet my, die koning van
die diere?” het Leeu gebrul.



Bush buck big book_A.indd 5 2017/11/24 07:09



Padda kom uitgespring.
“Verrassing! Verrassing! Dis net ek!” het Padda gesê.



Bush buck big book_A.indd 6 2017/11/24 07:09



Die vriende het gelag!
“Dankie dat julle my gehelp het,” sê Bosbok.



Bush buck big book_A.indd 7 2017/11/24 07:09

Die einde



Wordworks
© 2018

Bush buck big book_A.indd 8 2017/11/24 07:09